

## INHOUDSOPGAWE

Heilige opregtheid	1
U Verlosser is u God	4
Luisterend Bybel lees	6
'Ek moet net gou eers bid...'	8
Gestuur	10

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## HEILIGE OPREGTHEID

R Th Pos

*"Hoekom bid jy nie saam nie?" het ek op 'n keer vir 'n katkisant gevra. "Ek het net nie 'n behoefte daaraan nie," was die antwoord. "Maar jy kan ten minste darem jou oë toemaak," sê ek. Toe tree iemand anders ook tot die gesprek toe: "Dit is mos baie eerliker om nie te maak asof jy bid nie. Sy is ten minste eerlik. Daar is so baie ander mense wat skynheilig is."*

### Maak asof

Bogenoemde voorbeeld gee 'n aanduiding van die waardering wat daar bestaan vir sogenaamde 'opregtheid' (outentisiteit). Hierdie 'opregtheid' kan omskryf word as 'n houding waaruit dit duidelik word dat daar ooreenstemming (harmonie) is tussen jou innerlike en uiterlike. Wat na buite sigbaar is, kom ooreen met hoe dit binne is. Jy speel nie toneel nie, maar jy is en doen soos jy voel.

Soms hoor jy dat 'n predikant beoordeel en getakseer word op grond van hierdie beginsel. 'By hierdie dominee kan jy agterkom dat hy staan by die boodskap wat hy bring. Hy bedoel opreg wat hy sê.' So word daar ook soms die goedbedoelde advies gegee dat 'n predikant daaraan moet werk om tydens katechisasie opreg te klink. As hy dit nie doen nie,



sal daar weinig vrug op sy arbeid wees.

Ek het gepraat van 'hierdie beginsel': om 'n persoon (of dit wat hy sê) te beoordeel op grond van die mate van opregtheid wat hy vertoon, maar as ek dit anders sou formuleer, sal jy dadelik sien dat dit hier gaan oor 'n onvanpaste subjektiewe beoordeling. Dit gaan dan immers oor watter indruk iemand op my maak — hoe hy oorkom. As ek ooreenstemming vind tussen die binne- en buitekant van my gespreksgenoot, dan is hy vir my outentiek. Maar ... kan ek, soos ek is, seker wees van die juistheid van my beoordeling?

### Vuurtoring

As jy op 'n vuurtoring staan, kan jy baie ver sien, maar dit sou oordrewe wees om te sê dat jy die hele wêreld kan sien. As jy net na die see kyk kan jy trouens nie land agter jou sien nie.

As mense het ons maar 'n beperkte gesigsveld. As jy slegs sou oordeel op grond van wat jy in een oomblik waarneem, dan sou jy tot die slotsom kom dat die aarde net uit water bestaan; of net uit land. Vanuit die hoë vuurtoring kan ek wel sien dat die horison 'n bietjie rond is, maar by die huis lyk my straat of die aarde tog maar taamlik plat.

Hoe kan ek, as klein mensie, enigiets wat ek ervaar korrek en volledig beoordeel? Veral wanneer ons te doen het met iemand en nie met 'iets' nie? Ken ons al die motiewe wat iemand beïnvloed? Weet ons wat iemand besiel? Lê die norm van ons oordeel in onself, of in wat die ander doen?

**Jy wys wie jy is. Nie wie jy vanuit jousef is nie, maar hoe die Here jou gemaak het.**

### Die betroubare Woord

Ons moet nie dink dat ons self in ons eie wysheid sal soek en 'n objektiewe norm sal vind, nie. 'n Norm buite onself; iets waaraan ons 'opregtheid' kan meet, sodat ons van 'heilige opregtheid' kan praat. Nee, so slim is ons doodeenvoudig nie.

Dit is nou presies wat die Bybel ons leer: Adam wou nie net 'n skepsel bly nie. Dit was vir hom veels te beperk. Hy wou soos God wees. Self besluit wat reg of verkeerd, eg of vals is. Dit was die begin van alle ellende. Die Here vertel nie vir ons hierdie verhaal omdat ons Hom daarvoor gevra het nie, maar omdat Hy dit vir ons wil vertel. *“Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê...”* (Johannes 6:40).

Die Here vertel vir ons hierdie dinge, omdat Hy

wil hê dat ons lewe. Oor wat eg en outentiek is in 'n mens se lewe. Dit is dom as jy nie daarna luister nie!

### Ons hart

Ons innerlike, oftewel ons hart, is geskape om 'n oop verhouding met God te hê. Geskape om na God te luister en met Hom te praat. Op dieselfde frekwensie. Dit is egte lewe!

Toe het die sonde gekom en ons hart was nie meer geskik om 'n oop verhouding met die Here te hê nie. Dit is nou op 'n ander frekwensie. Geen verrassing nie: dit is die frekwensie van die satan. En hy praat nou ons slegte hartstaal. Ook dit vertel die Here ons in sy Woord, omdat Hy wil hê dat ons moet lewe.

### Kind van Adam

Wanneer so 'n sondige kind van Adam outentiek (opreg) is, is dit nie so 'n goeie ding nie. Ja, ongetwyfeld sal sy uiterlike dan in harmonie met sy innerlike wees. Sy hart word as't ware sigbaar na buite. Hy gee nie voor nie, maar is opreg. Maar dit is dan presies wat ons bely in Sondag 2, antwoord 5 van die Heidelbergse Kategismus: *van nature* is ek geneig om God en my naaste te haat. Dit bely ons. En dit beteken: dit is hoe ek werklik is, vanuit myself, as kind van Adam.

### Saad van Eva

Daar was eens op 'n tyd 'n Mens. 'n Mens met 'n hoofletter geskryf. En hierdie Mens was soos wat Hy was. (Is dit toevallig dat Hy Homself in die Ou Testament geopenbaar het as Jahweh — Ek is wat Ek is?). Jesus Christus, Seun van God. As jy wil weet wat 'eg' is, moet jy na Hom kyk.

Hy het gespreek en sy woorde was soos genesende salf op skrynende wonde. Hy het gespreek en sy woorde was soos 'n tweesnydende skerp swaard (Openbaring 1:16). Hy het kwaad geword en sy woorde was soos 'n

**Hy wat kwaad wil word, en nie sondig nie, moet slegs kwaad wees vir die sonde**

gesel. Partykeer was Hy hartseer en het Hy gehuil. Hy het genees, vermaan en vertroos. En by al hierdie woorde, emosies en handeling was die uiting daarvan in volle ooreenstemming met wat daar in sy binneste was. Alles wat tot uiting gekom het, het regstreeks uit sy hart gekom. Hy het nooit toneelgespeel nie. Hy, ons Heiland, was suiwer outentiek. Heilige opregtheid.

Ja, want sy hart was nie soos die hart wat in antwoord 5 van die Kategismus beskryf word nie. Hy het 'n hart gehad, 'n innerlike, wat Hy self beskryf het met die woorde: *'My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te voltooi'* (Johannes 4:34). En as ons nou nog 'n bietjie verder soek na wat die wil van die Vader is, dan kom ons by hierdie woorde uit: *'Dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag'* (Johannes 6:39). Hy soek die lewe! Vir ander. Dit sluit naatloos aan by hoe die Here Jesus self die wet (wil) van sy Vader saamvat en vervul: *'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, hele siel en met jou hele verstand... en jou naaste soos jouself'* (Matthéüs 22:37).

### Opnuut gebore

Dieselfde Jesus het op 'n nag teenoor Nikodemus, die man wat die Bybel baie goed geken het, gesê dat iemand net die ewige lewe kan verkry as hy opnuut gebore word (Joh. 3). Mense se harte, hulle innerlike, moet dus nie maar net 'n bietjie reggemaak word nie, in die sin dat ons moet leer om ander mense in ag te neem (sodat ons byvoorbeeld tog maar ons oë toe te maak terwyl daar gebid word om nie iemand anders aanstoot te gee nie). Nee, ons harte moet opnuut gebore word! Herskep deur die Gees van Christus. Eers dan kan ons soos Christus wees, 'n *gesindheid* ontvang net soos

syne (Filippense 2:5). Kyk wat sê Jesus van Homself: *'Die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het.'* (Johannes 5:36). Klaarblyklik verwys die Here Jesus na sy Vader met alles wat Hy doen en sê. Waarom? Omdat sy hart, sy innerlike so volmaak in verbinding met sy Vader is. Hy kon slegs lewe deur sy Vader se wil te doen. Dit was sy lewe!

Tot so 'n lewe wil die Heilige Gees ons ook vernuwe, sodat ons hart weer ten volle gerig is op ons Skepper. Dan sal ons ook dit doen waartoe ons geskape is: om van die Skepper te getuig. Nie in die sin dat ons net moet evangeliseer nie, maar dat ons op so 'n manier moet lewe, werk, plesier hê en ontspan dat ons die Heilige God en ons naaste daarin soek. Anders gestel: ons gaan met 'n hart wat deur die Gees vernuwe is só lewe dat ons weer beeldraers van ons Skepper word. Jy sal God al hoe meer kan sien in ons doen en late. En *dit* is wat ons 'heilige opregtheid' noem. Jy wys wie jy is. Nie wie jy vanuit jouself is nie, maar hoe die Here jou gemaak het.

### Eerlikheid

In hierdie lewe bereik ons nog nie die einddoel dat ons heeltemal vernuwe word, sodat ons God se wil erken en doen nie (Romeine 12:2). Dit beteken dat daar altyd nog vrae in ons hart kan wees. Dalk ook twyfel. Dit is nie nodig om hier doekies om te draai nie. Ons mag dit gerus erken. Dit is eerlik. Maar dit mag nooit ons einddoel wees nie, want 'eerlikheid' is nog nie dieselfde as 'heilige opregtheid' nie. Eerlikheid maak my gevoelens nog nie goeie gevoelens nie. Hierdie eerlikheid sal uiteindelik ook moet voldoen aan die eise van die enige, betroubare Woord van die Here. Want slegs dan kan hierdie eerlikheid 'n tree wees in die regte rigting, na

**Die krag van die kerk is nie in minder of meer preke nie, maar in beter preke**

- EH Palmer

waar die Woord van die Here sodanig besit neem van my hart dat die vernieuwe hart sal sigbaar word. Dan sal almal sien watter groot werk die Here aan my gedoen het!

### Heilige opregtheid

Hierdie volgende woorde sê die Here Jesus van Homself, maar wanneer sy Gees ons vernuwe,

mag dit ook vir ons geld: 'Hy wat uit homself spreek, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is waaragtig en daar is geen ongeregtigheid in Hom nie' (Johannes 7: 18). Heilige opregtheid beteken: jy is eg. Nie meer ek nie, maar Hy in my en ek in Hom.

### Lees verder:

[Verandering van my lewe](#): Lees hier verder oor bostaande onderwerp. Verder kan u hier 'n kort artikel lees oor "[Do you need to be born again?](#)"

## U VERLOSSER IS U GOD

JJ Dronkers



*Toe het die HERE vir Josua gesê: Vandag het Ek die smaad van Egipte van julle afgewentel. (Josua 5:9)*

### Uithouvermoë

Daar is preke wat 'n mens nie aanspreek nie. Of kerkmense wat hul skandelik gedra. Vormgodsdienste wat jy as 'n beklemmende verpligting ervaar. Veranderinge in die kerklike lewe, wat baie groot bekommernis wek.

Dit is sommer 'n paar voorbeelde van omstandighede wat jou die volgende vraag laat vra: Hoe lank kan ek dit nog uithou in die kerk? 'n Mens se kerklike uithouvermoë kan behoorlik op die proef gestel word. Hoe hou God dit eintlik nog uit met sy volk?

### Bespotlik

Die volk Israel het hom bespotlik gedra in die woestyn. Soveel so, dat die vyande van God die spot kon dryf met die volk. Ja, die Here het sulke ongehoorsaamheid van sy volk nie

Die betekenis van 'n Skrifgedeelte word nooit duidelik vir lui mense nie

- AW Pink

ongestraf laat bly nie. Sy straf was partykeer so erg, dat die verlossing uit Egipte na 'n mislukking begin lyk het. Daarom kon dit gelyk het, dat Egipte tóg die ondergang van God se volk sou word. Soos 'n swaargewonde persoon, ondanks 'n reddingsoperasie tog beswyk, so het dit ook gelyk vir Israel. En dit is iets wat die spotters van God se volk natuurlik met beide hande aangegryp het.

Die Here hou uit met sy volk. Hy is immers die God van die verbond. Maar dit beteken nie dat Hy stilbly oor die sondes van die volk nie. Sy troue liefde is 'n liefde met rég. Hy maak Israel se sondes openlik bekend. Ook al wek dit bespotting van die vyande van God op. Om uit te hou in die kerk beteken dus nie om stil te bly oor wat verkeerd is nie.

Tog moet ons ook meer oor hierdie onderwerp sê as slegs dit...

## Hoe lank kan ek dit nog uithou in die kerk?

### Draadjie

Die bespotting van God se vyande raak Hom diep! Hoe swaar Hy sy volk ook al straf, dit het nooit die gevolg dat sy reddingswerk misluk nie. Altyd weer sorg die God van die Verbond dat daar 'n draadjie oor is, om mee verder te spin. Deur te straf beoog God nie vernietiging nie, maar juis die herstel van sy volk. Sy 'slaan' is nie 'n onophoudelik slaan nie - soos mense dit somtyds kan doen in hulle aggressiwiteit teen

die kerk. God se reg bly 'n instrument van sy liefde. God se hantering van sy volk kan miskien bespotting oproep, maar dit is ook God Self wat daarvoor sorg dat die spot weer afgewend word.

Hy wil op geen manier wys dat die vyande van die kerk tog reg is nie. Hy kies steeds weer die volk se kant. Ja, dit is waar, daar is geen barmhartigheid sonder reg nie, daarom kan 'n liefdevolle God ook straf. Maar daar is ook geen rég sonder barmhartigheid nie, daarom kom die liefdevolle God elke keer weer op vir sy volk.

Bly dit dan nou maar net so 'n ellende en gemors in die kerk? Ja, behalwe vir die feit dat ons Jesus Christus ken. Sy verlossing is eg én fundamenteel. En juis daarom kan ons steeds weer probeer en vertrou dat dinge in die regte rigting kan verander.

### Benouend

Wat kan 'n mens nou hieruit aflei? Dat wanneer God dit kan uithou met so 'n volk, ek dit ook maar moet doen? Soiets kan ons baie benoud maak. Kerklike uithou vermoë word gevra, maar let veral op hoe jy dit kan volhou: deur jou oë op Jesus Christus te rig. Wanneer jy Hom nie meer sien nie, of wanneer Hy onsigbaar gemaak word, kan 'n mens inderdaad nie meer volhou nie. Maar ondertussen, laat 'n skerp oog wat gemis en foute in die kerk kan raaksien, ook die oog wees vir die genade van Jesus Christus vir die kerk.

Nou proe en verstaan ons ook iets van hoe groot die genade van God moet wees.

Jou Verlosser is jou God.

O Heer, laat ek deur U genade ook deel bly van u kerk!

**Baie mense sê God is liefde, maar hulle meet Sy liefde volgens die maat van mense**

- A Kuyper

# LUISTEREND BYBEL LEES

*A van der Dussen*



'n Mens kan die Bybel op twee maniere lees. Jy kan noukeurig kyk na wat daar staan en, byvoorbeeld met die hulp van 'n konkordansie opsoek wat die Here op ander plekke daaroor sê. Jy kan jou ook sonder meer oopstel vir die boodskap en vir die stem van die Here wat tot jou spreek. As dit reg gedoen word, vul die twee maniere mekaar aan en staan in diens van mekaar.

## **Wees betrokke**

As mens die Woord van God bepeins, beteken dit nie dat jy buite jouself gaan staan en probeer om jou eie gedagtes en gevoelens te probeer uitskakel nie. Die kenmerk van so 'n stil ontmoeting met God is immers dat jy juis voor sy aangesig gaan staan soos jy is. Wie na God luister, rig hom nie op onpersoonlike inligting wat buite hom of haar omgaan nie, maar verwag 'n boodskap wat vir hom of haar persoonlik van belang is. Hierin word mediterende Bybellees van 'n blote rasonale ontleding van 'n teks onderskei. By die laasgenoemde bly die leser

onbetrokke. Woorde en sinne word verklaar; die samehang met ander bybelgedeeltes word nagegaan; die bedoeling van die skrywer word gerekonstrueer en sover moontlik word lig gewerp op die situasie waarin die eerste lesers hulle bevind het. Solank die huidige leser ewenwel só 'oor homself heen spring', is sy vlak en koud met die teks besig.

Lede van Bybelstudiegroepe ervaar dit dan ook as onbevredigend as daar nie meer gebeur as heftige diskussies oor die juiste betekenis van 'n Bybelgedeelte nie. Hulle wil 'n meer persoonlike proses hé, waarin onthul word hoe die betrokke Bybelwoorde op hulleself betrekking het. Hieruit kom daar dikwels 'n ander neiging in Bybelstudiegroepe na vore: mense hou daarvan om met mekaar te deel wat hulle self van 'n bepaalde teks ervaar. Aan die een kant is dit positief — Bybelstudie verloop heelwat meer persoonlik. Aan die ander kant dreig daar 'n negatiewe aspek — voor jy weet, word tekste net gebruik om godsdienstige ervarings met mekaar te deel. Bybelwoorde funksioneer nie meer as draers van 'n boodskap nie, maar as 'trefwoorde' waarmee jy kan aandui wie en wat God vir jou is. Dit kan verrykend wees om só met mede-Christene in gesprek te wees, maar op die lang duur is dit óók onbevredigend: dit word 'n geslote kring waarin aan die totaal van godsdienstebeleving nie toegevoeg word nie.

## **Herkou**

Om mediterend Bybel te lees hou albei dié aspekte in: mens is van jouself bewus om só die

**'n Christen is 'n volledige vrye heer, aan niemand onderworpe nie. 'n Christen is 'n volledige pligsgetroue dienskneg, aan almal onderworpe.**

- M Luther

Bybelwoorde op jousef te betrek, maar stel jou terselfdertyd vir God oop en bestudeer die gelese woorde sorgvuldig in hulle oorspronklike betekenis.

'n Mens moet nie dink dat hy 'net gou' 'n boodskap van God tot hom kan laat deurdring nie. Daar is tyd nodig, baie tyd. Dit is noodsaaklik om 'n teks aandagtig te ondersoek

**'n Mens moet nie dink dat hy 'net gou' 'n boodskap van God tot hom kan laat deurdring nie.**

en te beoordeel, en dan weer, en weer . . . Net op dié manier sal die tekswoord 'n pad in ons onrustige en verwarde hart kan baan. Bonhoeffer het sy studente 'n week lank elke dag dieselfde teks laat mediteer. Hierin was hy nie die eerste nie. Ook het by die mense aanbeveel om 'n hele week met dieselfde Bybelwoord besig te wees. Dit is duidelik dat so 'n manier van Bybellees meer vra as net om te 'begryp'. Net as

jy jou daarin oefen om jousef met die gelese teks te konfronteer, kan daar tydens die proses van 'herkou' iets van kom. Die aanbeveling om verkieslik klein stukkes te lees, beoog 'n 'dieptewerking'. Wanneer jy hele hoofstukke probeer inneem, is jy waarskynlik te wyd besig. Konsentrasie op klein tekseenhede bepaal 'n mens by een spesifieke tema wat dan goed kan insink. Vir Luther het dit duidelik nie oor die keuse van 'wyd' en 'diep' gegaan nie — jy moet albei doen! Hy het die Bybel twee keer in 'n jaar deurgelees (dit is gemiddeld agt hoofstukke per dag) terwyl hy voorstel dat 'n mens 'n week lank één gebod van die Here oorpeins, of één bede van die Onse Vader, of één vers uit 'n Psalm. Die kombinasie van die twee metodes is dat die een die ander natuurlik ondersteun. As jy met die Bybel in sy breedte vertrouud raak, sal jy byvoorbeeld meerdere verbande raaksien waarin een bede van die Onse Vader pas en dus meer daaruit kan put. Daar ontstaan as 't ware 'n klankbord wat aan 'n klein tekseenheid 'n dieper klank gee. Só beskou is dit sinvol om met goeie Bybelkennis met 'n enkele teks besig te wees!

### Vir verder lees:

Hoe moet ons op die Skrif mediteer (oordink)? Lees [A summer meditation](#). Hier kan u verder lees oor ons persoonlike verhouding met God en Bybelstudie: [A personal relationship with God](#).

**Hy wat oor sonde huil sonder 'n getuie, huil opreg.**

- George Swinnoek

# ‘EK MOET NET EERS GOU BID...’

JL de Jong



**Hoe dikwels hoor ons nie hierdie woorde nie, en hoe dikwels sê ons dit dalk self ook, ongemerk? “Eers gou bid”, want een van die gesinslede moet dringend die tafel verlaat. “Eers gou bid” aan die begin van die kerkraadsvergadering want die agenda is so vol. “Eers gou bid” aan die begin van die dag, of “eers gou bid” aan die einde van die dag, want ons het eintlik nie tyd nie.**

## Gebed en vas

Die Woord van God wys ons op die belangrikheid van gebed. Die Heiland het die gelykenis van die onregverdige regter vertel, met die oog daarop dat ons gereeld sal bid en nie daarin verslap nie. As ons net so nou en dan bid, kan dit niks anders beteken nie as dat ons in ons gebedslewe verslap het. Wanneer dit in ons geval so is, moet ons dit dadelik as ’n waarskuwing sien. Wat is die oorsake? En hoe kan ons daaraan ontsnap?

Watter weg wys die Bybel ons hierin? Wie oplettend luister sal agterkom dat mense nogal dikwels erken dat hulle maar “net gou bid”. En dit is beslis nie net ’n probleem van óns tyd nie. Dit hou verband met die sonde, wat die gebedslewe van God se kinders aantast. Die Satan weet immers tog dat gebed ’n kragtige wapen is. Die Bybel self gee ons egter deur die hele Bybel heen duidelike voorbeelde van hoe mense wat in die geloof lewe ’n voortdurende stryd voer daarteen om te min op gebed te konsentreer.

Ons vind immers sowel in die Ou Testament as in die Nuwe Testament gereeld die verband tussen die woorde *bid* en *vas*. Om te vas, volgens die Bybel, was nooit ’n doel op sigself nie, maar het te make met die konsentrasie op die gebed en verootmoediging, met die oog op sonde en skuld. Slegs enkele voorbeelde: Dawid het gevas om te konsentreer op die gebed om die behoud van sy kind (2 Samuel 12). Van Anna, die profetes, lees ons dat sy God ononderbroke in die tempel gedien het met gebed en vas (Lukas 2). Die eerste Christelike gemeente het volhard in die gebed, maar ook in die vas. Die gemeente in Antiochië het gebid en gevas nadat die ouderlinge in die gemeente aangestel is (Handelinge 14:23). Aan dieselfde gemeente word deur die Heilige Gees tydens ’n vastyd duidelik gemaak dat hulle vir Bárnabas en Saulus moet uitstuur na die heidenvolke toe (Handelinge 13:2). Hierdie laaste voorbeeld maak ook die noodsaaklikheid van die aandag op die gebed by ’n kerklike vergadering duidelik. Ons kan dáár ook nie maar “net gou bid” nie.

**Die probleem van die oorsprong en doel van die lewe het die filosoof en die wetenskaplike ontgrip, maar die eenvoudigste navolger van Christus ken beide se antwoord.**

- AW Tozer



## Vas as oplossing?

In ons gesinne en gemeentes het ons die vas 'n bietjie afgeskeep. Daar word wel so af en toe 'n oproep daarvoor gemaak, maar sover ek dit sien, bly dit meestal by inisiatiewe van korte duur. Tog kry ons vanuit 'n onverwagte reformatoriese hoek, vanuit die *Institusie van Calvyn*, ook 'n aansporing om te vas. Naas die feit dat hy kritiek op "vas ter wille van vas" het, spoor Calvyn tog aan om ten tye van peste, hongersnood en oorlog te vas. Ook Calvyn sien die vas as 'n hulpmiddel tot gebed.

**In ons gesinne en gemeentes het ons die vas 'n bietjie afgeskeep.**

Tog sal baie lesers hulle waarskynlik afvra of een volle dag se vas, deur nie te eet nie, werklik die gebed tot diens sal wees? Is die gevaar nie eerder daarin geleë dat ons tydens gebed aan "eet" sal dink nie? Dit sou goedkoop voorkom as vas aan jou voorgehou sou word as die oplossing vir die probleem wat baie voorkom, naamlik die gebrek aan voldoende aandag aan die gebed.

### Nuwe toevoeging

By Calvyn kom ons ook die oproep teë tot die, byna spreekwoordelike, Calvinistiese soberheid. Om te vas word dan 'n matige lewenshouding. Daarnaas moedig Calvyn dan ook nog die gebruik aan van spesiale vaste op bepaalde stadiums van ons lewe. Omdat hierdie "eers gou bid" meestal 'n daaglikse terugkerende probleem

is, nooi ek u 'n bietjie uit om ernstig na te dink oor u lewenshouding. Ons is voortdurend onder baie druk, so vertel ons vir mekaar tydens 'n verjaardag besoek. Is die rede vir ons "gou eers bid" nie dalk daarin geleë dat ons baie tyd nodig het vir ons werk, ons gesin en die ander "verpligtinge" nie? En wanneer daar wel 'n rustiger oomblik aanbreek, gryp ons eerder na die afstandsbeheer van die televisie as wat ons ons hande bo-op 'n oop Bybel vou. Hoeveel tyd word daar nie bestee aan die nuwe volkstokperdjie om op die internet rond te kuier nie?

Met die oog op ons geloofslewe wil ek graag 'n pleidooi lewer vir vaste, maar vas behoort in ons tyd nie te beteken dat ons onself weerhou van eet en drink nie. Laat ons almal daarop let wat vir ons die rede is waarom ons so min gekonsentreerd is op gebed. Waarom bid ons so min? Eis ons werk dalk te veel van ons tyd? Of wil jy so graag 'n bepaalde televisieprogram volg, dat jy nie veel tyd oor het vir gebed nie? Of is u oogmerk, met u eie mening en u eie wil, in die kerklike vergaderings so sterk, dat u nie eers daaraan dink om die Here te vra vir sy leiding in die vergadering? So moet 'n mens soek na dié dinge in sy of haar lewe wat die oorsaak is van die verslapping in die beoefening van die gebed. Ons lewe in 'n land waarin daar vir vele van ons 'n oormaat druk, vermaak, voedsel en wat ook al nog is. Om "gou eers te bid" dui op hom of haar vir wie dit 'n groot las is om die gebed met groot sorg te benader. Die Here weet wanneer dit regtig nie anders kan nie, maar Hy weet ook wanneer dit wél kan.

### Om verder te lees:

[Benodig: Persoonlike gebede](#) en [Hoe bly ons gebed lewendig](#) is twee artikels wat ons kan help in ons gebedslewe.

**As die kerk opgewek kan word tot 'n dieper besef van die heerlijkheid wat vir haar wag, sal sy ook met groter erns die stryd aanvaar waarin sy in hierdie wêreld staan.**

- JH Thornwell

# GESTUUR

M Mulder



*“So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het . . .” (Joh. 3:16).*

*Dié wonder herdenk ons met Kersfees, maar die wonder is nie verby nie. Hierdie sending van God duur voort, oral waar mense in beweging kom om daarvan te getuig. Jesus gebruik dieselfde woorde wanneer Hy sê: “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook” (Joh. 20:21).*

*Wat beteken dit vir sending en missionêr wees?*

Ons het vorige keer oor die verband tussen Kersfees en missionêr wees, geskryf. Ons het gesien dat missionêr wees by God self begin. Hy

is bewoë oor die behoud van mense. Daarom het die Vader sy Seun na die wêreld gestuur; daarom het Hy sy Gees gestuur om vir sy Seun plek te berei; daarom stuur Hy vandag nog sy Gees om vir sy Seun in die harte en lewens van mense plek te maak. Daar lê die bron van missionêr wees in die gemeente — by God self.

## ‘Soos’

Wanneer Jesus sy dissipels in die wêreld uitstuur, lê Hy ’n band met die manier waarop die Vader Homself na die wêreld gestuur het. Die Bybel gebruik daarvoor telkens die woord ‘soos’ of ‘net soos’. In watter opsig is die sending van die dissipels net soos die sending van Jesus?

Uiteraard staan daar nie ’n is-gelyk-aan-teken tussen die twee sendings nie. Die dissipels kom nie uit die hemel nie, is nie sondeloos nie en word nie gestuur om in die plek van mense te ly en te sterwe en die wêreld te dien deur hulleself as ’n losprys vir baie te gee nie. Wanneer Jesus sy sending in die vlees met die sending van die dissipels vergelyk, word hierdie groot verskil nie oor die hoof gesien nie.

Met die woord ‘soos’, benadruk die Here dat dieselfde krag en dieselfde liefde wat sigbaar geword het in die sending van God se Seun in die vlees, ook agter hulle sending in die wêreld is. Hulle mag weet dat, wanneer hulle in die wêreld uitgaan, dieselfde Gees hulle dra. Aan die begin van albei sendings staan die Vader. Die wêreld kom dieselfde liefde teë. So sit die kerk die beweging, wat by God begin, voort wanneer sy die wêreld ingaan op die manier waarop Christus gekom het.

**Die belydenis van slegte werke is die eerste begin van goeie werke.**

- Augustinus

## Luister

Vir ons as kerke beteken dit eenvoudig dat dit baie noodsaaklik is om goed te luister na wat Jesus self gedoen en gesê het. Sy werk en sy woorde is die bron én die norm vir die sending van die kerk. As ons as kerke waarlik missionêr wil wees, moet ons begin deur te luister na die sending wat by God begin het. As ons die liefde van God deurgee, wat beteken dié liefde? As ons saamgeneem word in 'n beweging wat by God begin, hoeveel tyd neem ons om in beweging te kom?

As missionêr wees dan by God begin, begin ons gedagtes daaroor ook deur steeds weer na sy stem te luister? Juis omdat dit oor die sending van die kerk gaan, is daardie luister essensieel. Dit kan goedsikks gebeur dat die baie aktiwiteite waarmee ons besig is — selfs die besinning oor die manier waarop ons ander met die evangelie kan bereik — hierdie luisterende houding in gedrang kan bring. Ons kan alleen 'n boodskap deurgee as ons eers stil word om ons sêlf vir die boodskap oop te stel; onbevange luister en stil word voor God. As ons missionêr wees nie daar begin nie, begin ons nie by die bron nie.

'n Mens kan dit vergelyk met die houding van Maria. Sy het letterlik die sending van God se Seun ontvang om dit as't ware deur te gee. En ons leer van haar hoe dit moontlik is. Sy gee haar oor aan die woord wat sy nie kon begryp nie:

*“Hier is die diensmaagd van die Here. Laat dit met my gaan volgens u woord”* (Luk. 1:38). Deur hierdie oorgawe kon sy instrument in God se sending word.

Dit is nie vandag anders nie. Om te luister vra tyd. Dit vra 'n oorgawe van binne om te wil luister, ook as God se bewoënheid ons begrip te bowe gaan.

## Lewenshouding

'n Ander aspek wat hiermee saamgaan, is die houding wat Jesus aan sy dissipels voorhou. Jesus waarsku sy dissipels telkens dat hulle nie moet dink dat hulle bó hulle meester kan staan nie. As ons Jesus wil volg moet ons agter Hom loop. Ook dit het te make met met die 'soos': *“Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook”*. Die sending vra offers. Wie in die voetspoor van Jesus loop, kan teenstand verwag. Beteken dit dan die einde van die sending? Die Here het nie tot stilstand gekom toe Hy weerstand gekry het nie, en Hy sê *“'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie”* (Matt. 10:24).

Watter offers word van ons gevra? Wat sal ons opoffer vir die sending wat Jesus aan ons opgedra het? Ons kan sekerlik meer gee, as ons sien wat Hy prysgegee het toe die Vader Hom gestuur het, en ons dink aan sy woorde, *so stuur ek julle ook . . .*

Voordat Jesus hierdie woorde gespreek het, gee Hy 'n voorbeeld van sy diens in die wêreld.

### Hoe staan ons in diens van die beweging van God toe Hy sy Seun in die wêreld gestuur het?

Wanneer die dissipels dit nie doen nie, buig Hy Hom neer en was die voete van sy dissipels en Hy sê: *“As Ek dan, die Here en die Meester, julle voete gewas het, is julle ook verplig om mekaar se voete te was. Want Ek het julle 'n voorbeeld gegee om, net soos Ek aan julle gedoen het, ook so te doen. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie”* (Joh. 13:14-17). Weer klink dieselfde 'soos', die vergelyking. Só moet julle

**Vóór Christus ... is 'n mens lief vir dinge en gebruik hy mense; ná Christus ... is hy lief vir mense en gebruik dinge.**

- Horace Wood

die 'sending' in die wêreld voortsit — deur dit in die praktyk toe te pas.

### Die kerk in diens van die sending

Die kerk staan in diens van die sending, maar die kerk kan ook die sending belemmer. Dit is al by dissipels duidelik. As mense in die kerk meer het aan hulle eie belang en stand as aan die vraag hoe ons ander met die liefde van God kan bereik, dan gebeur vandag nog wat met die dissipels gebeur het. Die waarskuwing bly vir ons geld. Hoe staan ons in diens van die beweging van God toe Hy sy Seun in die wêreld gestuur het? Is ons oop vir mekaar, vir ander? By Bybelstudie en ander aktiwiteite vir die jeug en vir die oueres?



Kom ons praat dan ook daarvoor hoe ons mense buite ons eie kring kan opsoek en onnodige struikelblokke uit die weg kan ruim sodat ons vandag werklik missionêr kan wees.

Wat is onnodige struikelblokke? Dit is belemmerings wat meer te doen het met ons kerklike kultuur as met die boodskap van die

**... benadruk die Here dat dieselfde krag en dieselfde liefde wat sigbaar geword het in die sending van God se Seun in die vlees, ook agter ons sending in die wêreld is.**

evangelie. Ons moet besef dat die kultuur van baie mense vandag 'n geheel ander kultuur is as dié waarin ons dikwels as kerke lewe. Ons kan nie, om mense te bereik, van hulle vra dat hulle

hulle eers by ons kerklike kultuur aanpas nie. Die diep kloof tussen die wêreld van die kerk en die kultuur van die mense wat naby ons staan en rondom ons lewe, word dikwels onderskat. Daar is 'n kloof wat oorbrug moet word.

Daar word soms van 'n 'inkarnasiemodel' gepraat as 'n poging om los van 'n belemmerende 'kerkkultuur' in die kultuur van die mense om ons in te beweeg. Soos die Woord van God in die vlees gekom en mens geword het — die inkarnasie — so, word gesê, sal die kerk ook in die wêreld van die mense om ons heen moet ingaan.

Ons moet ons ewenwel afvra of die vleeswording van die Seun van God die juiste 'model' is vir die oorbrugging van die kloof.

Die kerk sal haarself, deur vanuit die inkarnasie te dink, waarskynlik oorskakel. Die kerk en die Woord is nie dieselfde nie. Die verskil tussen die koms van Jesus en sy sending van die dissipels moet nie uit die oog verloor word nie.

### Gestuur deur die Heilige Gees

Dit is beter om die verband met die woorde van Jesus te sien vanuit die werk van die Heilige Gees. Dan word dit dadelik duidelik dat hierdie sending meer beteken as net die teenwoordigheid van die kerk in 'n ander kultuur. Dit is die Woord van God wat in ons lewe deurbreek, wys wat fout is en dinge, wat ons in ons kulture so belangrik vind, radikaal omdraai. Dit hoort by werklike missionêr wees. Die Heilige Gees sal die wêreld van sonde oortuig, omdat ons God uit onself nie kan ken nie, en van oordeel, as ons sonder Jesus Christus tot God wil kom.

**As ons God neem as ons God, dan neem ons ook Sy mense as ons mense.**

- Matthew Henry

As dissipels en kerk verdien ons dieselfde oordeel. Ons word nie soos Jesus nie. Ons staan juis as gebrekkige mense saam met die ander om op Jesus te wag. Hy het ons

opgesoek en Hy doen dit steeds, deur sy Gees. Soos Hy gestuur is deur die Gees, só stuur Hy my vandag en só is Hy by my, wanneer ek my deur Hom laat stuur.

### Vir verder lees:

Soos die dissipels indertyd na die stede gegaan het, so het die kerk vandag ook 'n taak teenoor die stad: [Kerk en stad](#).

Dit is nie net die kerk wat gestuur word nie. Die artikel [Angels and missions](#) kyk na die plek van engele in sendingwerk.

### Nie genoeg hout nie

In die destydse vervolging van die kerke van die Reformasie, het die Roomse Inkwisisie ook 'n prediker Godfred Varaglia gevange geneem. Hy het die evangelie aan die Waldense in Angrogna gepreek rond die jaar 1557.

In sy verhoor is hy ondervra oor sy medepredikers, en die wat aan hom bekend was. Hy vertel toe dat hy deel is van 'n groep van twintig predikers, maar voeg dadelik daarby: Julle moet beseft dat die hoeveelheid mense wat gereed en bereid is om hierdie predikers op te volg om hierdie evangelie te verkondig, is so baie dat julle nie genoeg hout gaan vind om hulle almal te verbrand op die brandstapels nie!

Mag die Here ons predikers, teologiese studente en gemeentes ook so aangryp deur Sy Gees....

**Die kerk kan baie dinge doen nadat sy haar bekeer het, maar sy kan niks doen voordat sy haar nie bekeer het nie.**

- V Havne